SAKE 24 (Rapport)
11 Sep 2011, p.9

# Testament moet duidelik, korrek wees



NICO VAN GIJSEN
nico@finlac.com
RAAD MET JOU RANDE

My kleindogter het vier tande.

Wat het dit met finansiële beplanning te doen? Niks. Maar ek kon net sowel afskop met: Ek het 'n testament. Die betekenis dáárvan sou dieselfde wees. Niks.

My kleindogter se vier tandjies sit almal in 'n ry. Sy kan dus nie kou nie. Net so kan jy 'n testament hê, sonder dat dit veel beteken.

Ek het al gehoor mense sê jou testament praat namens jou as jy nie meer daar is nie. Ek wonder. Dis 'n dooie dokument, dit kan nie jou gevoel uitdruk of redeneer nie. Wat daar geskryf staan gaan bepaal hoe jou sake afgehandel word. En as dit nie duidelik geskryf is nie, gaan dit probleme skep en gaan die reg bepaal watter betekenis aan woorde en sinne gegee gaan word. Hier's enkele voorbeelde.

As daar twyfel is oor die bedoeling in 'n testament, is daar 'n algemene reël – die sogenaamde armleuning-reël – wat sê die hof moet sigself in die testateur (oorledene) se leunstoel plaas. Hy moet dink soos die oorledene gedink het.

Maar selfs die reg is verdeel in twee denkrigtings oor sy eie reël. Die een sê, ja, maar die hof moenie buite-faktore in ag neem om te bepaal of die oorledene 'n ander bedoeling kon gehad het nie. Die ander sê weer, nee, die hof moet juis ál die omstandighede in ag neem.

Verder is daar sekere gevestigde vermoedens in ons reg waardeur jou bedoeling bepaal kan word. Byvoorbeeld, daar is 'n vermoede teen boedelsamesmelting. As dít dus jou bedoeling is, moet dit baie duidelik en korrek in jou testament omskryf word. Daar is ook 'n vermoede dat 'n legaat (dit wat jy spesifiek bemaak) vry is van enige testamentêre voorwaardes.

Maar kom ons kyk na voorwaardes. Die reg sê dat as daar twyfel bestaan oor wat die voorwaarde is, dan geld die vermoede dat jy eintlik nie 'n voorwaarde bedoel het nie, maar wel 'n modus.

'n Modus is 'n verpligting wat jy op 'n erfgenaam plaas om die erfgoed vir 'n bepaalde doel aan te wend.

Hulle lê langs mekaar, maar die gevolg vir jou erfgename kan hemelsbreed verskil.

Substitusie (plaasvervulling) is 'n ander potensiële probleem. As een erfgenaam om die een of ander rede nie 'n bemaking kan ontvang nie, wie moet dit kry? Nee, nie so maklik om te antwoord nie. Substitusie is op sy beurt weer nou verwant aan die gee van 'n fideicommissum (byvoorbeeld, ek bemaak my plaas aan my vrou en ná haar dood aan my seun). Watter een het jy bedoel?

My raad is hou jou naasbestaandes uit die hof uit. Maak seker met jou testament. En loop maar lig vir aanbiedinge van "gratis" testamente. Daar is sonder uitsondering bybedoelings. Niemand werk verniet nie.

Die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa) by webadres www.fidsa.org.za kan jou help met name van top-kundiges en trustmaatskappye landwyd wat jou kan help.

'n Laaste punt: Om 'n testament op te stel sonder dat daar finansiële beplanning gedoen is, is net so sinloos soos om 'n motor te koop sonder 'n enjin. Jy gaan nêrens heen as daar nie 'n afdraand is nie. Of soos vier tande in 'n ry. Jy kan nie kou nie; jy moet sluk wat ander jou voer. Beskou jou testament as nog 'n belangrike stap in jou finansiële beplanning. Die finale een.

**→ Nico van Gijsen CFP® is besturende direkteur van Finlac en lid van Fisa. Skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000**